Ps. 89:6
Ges. 52:2.
" 155:5
" 156:5

# Die Hoogste Lojaliteit

Openb. 2: 8-11

Aand. 21 Okt. 1962.
Belydenisaflegging

Openb. 2: 10 – Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Hier voor ons is vanaand 'n 34 jongmense wat in die openbaar, in die gemeente en voor d. wêreld, openlik kan getuig van 'n keuse wat hulle gedaan het, 'n keuse wat hulle vanm. bevestig wil sien. Dis nie eintlik 'n keuse vir 'n organisasie of instelling, nie 'n beginsel of oortuiging nie – mr. dis die keuse vir 'n persoon aan wie hulle hulle hoogste liefde en lojaliteit bely: J.C., Heer en Koning! Mr. dis nie hulle alleen wat so gekies het nie. Dwarsdeur die eeue, dwarsdeur die Bybel loop d. lyn van sulke keuses. Reeds in die O.T. doen manne soos Abraham, Josef, David, Daniel die keuse. Mr. veral na Pinksterdag kom een na d. ander gelowige saam as gemeente na vore wat ook moet kies:

- Petrus & Joh s teen d. kerkl. owerheid
- Smirna teen d. druk & verwalging v.d. gemeenskap.

Hd. keuse is nooit maklik nie. Elkeen wat dit neem moet besef dat dit groot opofferinge, ja selfs lyding & verwalging kan meebring (soos in P&J., in Smirna). En die rede waarom dit lyding & verdrukking kan meebring is hierin geleë: Die keuse is eintlik een van die hart en gewete, van toewyding van ons hele innerl. lewe aan Jesus Christus as Heer en God (Kyrios!). Daar, in die verborge dieptes van die hart, moet dit geneem word. Mr. dit bly nie beperk tot d. verborge dieptes nie: dit kom tot uitdrukking en openbaring in woorde en dade, dit word sigbaar op elke terrein v.d. lewe. Dit lei tot 'n toetsing & beslissing op elke gebied v.d. mensl. lewe – en op elke sodanige gebied wil Xtus ons help om d. regte beslissing te neem.

Om te verduidelik wat ~~[illegible]~~ Xtus afsnee bedoel het toe Hy aan d. Christene van Smirna geskryf het: Op 2:10–

1) ~~Persoonlike lojaliteite.~~

~~2) Wêreldlojaliteite: Dan Die Mens sal is deur God aan ons gegee om ons diepste gedagtes, gewaarm..~~

1) ~~Elke mens is deur~~

1)

2) <u>Familielojaliteite:</u>

– Xtus se liefde en lojaliteit teenoor eie familie: <u>moeder</u>, <u>broers</u> ens. Sy sorg vir hulle

– En tog het daar 'n oomblik gekom dat Hy gesê het: „As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie"

– Wat dit beteken: As d. belange van my aardse familie, van my liefdesbande met my ~~aardse~~ dierbares in stryd kom met my trou a.d. familie v God –

– Hd. keuse beteken <u>nie</u> die verloëning of vernietiging van eie familie en hulle belange nie, mr. <u>juis</u> hulle <u>redding</u> & <u>behoud</u>! Want die familieverhoudinge wat nie deur Xt. geheilig word, gaan in elk geval tot niet!

3) Volkslojaliteite:

– Xtus as vaderlander: hoe innig lief sy land & sy mense gehad! Bewys deur
a) sy gelykenisse, sy beeldspraak
b) sy reaksie oor Jerusalem: (Luk. 13:34

– Dit was juis sy liefde vir sy land en sy mense wat hom so ernstig laat getuig & praat: hom heele keer van vermetigheid oorval! Vir Hom kon daar geen keuse wees tussen betreurde lojaliteit aan volk & vaderland Hoer hoër lojaliteit aan God v.d. volk (aardse volk Israel & Godsvolk Israel) het net een keuse! & Gedeen voor Pilatus terwyl hele volk skreeu: Is u d. Koning v.d. Jode?

4) Owerheidslojaliteite:

– Ons almal staan onder een of ander gesag: familie, arbeid, staat. ~~[illegible]~~ is noodsaaklik & sekuriteit gesag om orde en reg te handhaaf.

Rom 13:1 – „Laat elke mens hom onderwerp a.d. magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel." Xtus: Betaal d Keiser

Dus ~~normaal~~ in normale gang v sake die plig van elke burger om hom a.d staat te onderwerp en sy wette te gehoorsaam. Kan egter ernstige situasie wees d. owerheid iets gehoorsaamheid opeis wat teen diepste Xt. oortuiginge & reg en geregtigheid & waarheid ingaan. Dan mag d. Xten nie swyg nie, m. moet sy stem laat hoor, nie langs d weg v opstand, sedisie, sabotasie & revolusie nie, m. langs d. weg v geregtigde protes en vrymoedige getuienis.

– „Betaal aan God wat God toekom"

Die keuse

5) Kerklike Lojaliteite

- Grond: Xtus se getrouheid > dood.

- Beloning